WIERDAPARK

OGGENDDIENS, 2008-08-31
BEVESTIGING VAN PIETER VISSER

BOODSKAPDRAER VIR DIE TYD WAARIN ONS LEEF.

Votum

Seën

Lied 280:1,2,3

Skriflesing

Lees: Mark 1:1; 9-11
Matt 1:1,2; 18-25
Luk 3:23; 2:8-20

Preek

Ek kan nie anders as om vanoggend terug te dink aan ‘n Sondagoggend in Januarie 1971 toe ek as Predikant my intreepreek gelewer het in Johannesburg-Oos nie. En die rede waarom ek daaroor ‘n paar opmerkings wil maak, is nie omdat ek my eie subjektiewe storie hier wil indra nie. Dit gaan vanoggend om Pieter Visser en nie om my nie. Maar omdat ek net wil wys op die verskil in die NG Kerk konteks van byna 40 jaar gelede en vandag.

Die NG kerk waarin ek begin werk het as jong dominee was een van baie sekerhede en geen identiteitskrisis nie. Die kerk se plek was ‘n gewaardeerde vennoot van die staat. John Vorster was die eerste minister en sy broer Koot was die stem van die kerk. Ek as jong dominee was omring met sekerhede – polities en kerklik-teologies. Die Hillbrowtoring was pas gebou en het soos ‘n simbool van krag daar in die middel van hierdie middestad gemeente gestaan. In daardie tyd het die kerk ook soms die koerante gehaal, maar dit was meer kere oor triviale goedjies, soos of jy by ‘n aandiens van klein besprekingsgroepe mag gebruik maak en of mens van die sinodaal-voorgeskrewe liturgie kan afwyk. Die gay-issue was nog nie eers op die horison nie. Selfs Murray Janson met sy liberale toegeeflikheid dat vroue sonder hoede kan kerk toe kom in Lynnwood sou eers ‘n paar jaar later die koerante haal.

Pieter betree vanpggend ‘n heeltemal ander kerklike terrein. Die kerk het nie meer dieselfde sekerheid oor sy posisie in die samelewing nie. Na apartheid lei die NG Kerk nog steeds aan ‘n identiteitskrisis. Dis ‘n kerk wat homself probeer vind in ‘n samelewing en probeer verstaan wat sy rol moet wees binne die groter verbande, soos ook binne die NG Kerk Familie. As mens die briewe-kolomme en die koerantrubrieke

dophou, is daar ‘n onmiskenbare bevraagtekening van die sinvolle rol wat kerk en godsdiens nog in die gemeenskap kan speel. Die kerk is nog daar en die kerk speel ‘n rol, maar dit is ook asof daar ‘n matheid en selfs ‘n ontnugtering in die kerk en teologie is.

Ons is in baie opsigte soos ‘n gesin wat staan en toekyk hoedat hulle huis afbrand of wegspoel en wonder hoe hulle ‘n gesinslewe sal kan voortsit sonder hulle huis. Soos NY wat moet toekyk hoe die torings inmekaar tuimel. As die strukture besig is om te verbrokkel en die bekende vashouplekke nie meer daar is nie, hoe kan jy nog aanhou om kerk te wees?

Ons konteks, dink ek, toon baie ooreenkomste met die konteks waarbinne die eerste drie eerste Evangelies tot stand gekom het. Dit sal ons baie help om aan die eerste drie Evangelies te dink as die eerste drie preke in ons NT. Onthou die Evangelies is nie maar net geskryf omdat iemand lus was om iets te skryf nie. Dit is bepaalde boodskappe in antwoord op ‘n sekere konteks. ‘n Konteks wat waarskynlik oordonder is deur die jaar 70 nC toe die tempel verwoes is.

Volgens die nuutste datering, is die drie Sinoptiese Evangelies (sinoptiese – die met dieselfde siening) in die 20 jaar tussen 70 en 90 nC geskryf – ongeveer 40 jaar na die kruisiging.

Kyk mens na die eerste drie Evangelies is daar onmiddellik iets wat opval en dit is die feit dat Markus, die oudste Evangelie geen geboorteverhaal het nie. Mens wonder waarom dit so is, veral ook in die lig daarvan dat beide Matteus en Lukas, wat Markus grootliks as basisteks gebruik het, geboorteverhale bygevoeg het. Die skrywer van die oudste evangelie vind dit nie nodig om die verhaal met die geboorte van Jesus te begin nie, terwyl die ander twee beide voel daar moet iets oor die geboorte bygevoeg word.

Die antwoord is waarskynlik in die konteks waarbinne die geskrifte ontstaan het.

- Markus het, volgens Bybelwetenskaplikes teen ongeveer 70 nC die lig gesien. 70 was die jaar waarin die tempel van Jerusalem verwoes is. Van 66- 73 nC het die Jode betrokke geraak by ‘n ongelukkige verloorstryd teen die Romeinse owerheid. Die laagtepunt vir die Jode was toe die Romeinse legioene, onder Titus, in 70 nC die stad Jerusalem ingeneem het en die heilige tempel met die grond gelykgemaak het. Dit moes vir die Jode en die vroeê Christene ‘n ontsettende ervaring van verlies gewees het. Byna iets soos die 9/11 gebeure in NY. Alhoewel die Christene hulleself reeds duidelik apart van die Judaïsme georganiseer het, is daar ook aanduiding dat hulle hulself nog baie nou verbonde gevoel het met die sinagoge en tempel. Hulle het aan hulleself gedink as die ware Israel.
- Met die tempel wat verwoes is en die Jode wat verneder is, word die Markus Evangelie geskryf om die lesers daaraan te herinner dat hulle op die God van Eksodus moet vertrou - die God wat redding bewerk in die oomblik van die grootste nood. Al is die tempel verwoes, al is Jesus gekruisig, God maak weer ‘n nuwe begin. Daarom word die grootste deel van die Markus Evangelie aan die lyding en kruisdood van Jesus gewy. Markus se Evangelie is eintlik net ‘n uitgebreide

> kruisigingverhaal. En so word die kruisboodskap aangebied as God se woord in die donkerste uur. ‘n Boodskap van hoop en nuwe lewe wat juis voortspruit uit die diepste vernedering. Jesus is die eintlike tempel wat verwoes is en wat weer in drie dae opgebou is. Daar is hoop.

Maar ‘n dekade of twee later, is die verwoesting van die tempel nie meer die oorheersende nie. Nou begin vrae oor die toekoms van hierdie nuwe groeiende Jesusbeweging sterker na vore tree. Onthou die evangelie van Jesus het intussen veral onder leiding van Paulus ‘n wêreldbeweging geword en daar is nog steeds verskil oor of dit hoofsaaklik Joods moet ontwikkel en of die boodskap ook op die nie-Jode gerig moet word?

Nou skryf Matteus en Lukas hulle evangelies. 10-15 jaar na die verwoesting van die tempel, beskik hulle oor Markus se weergawe. Dit word gereeld in die Sinagoge gelees, maar hulle het behoefte aan iets meer. Waarheen nou? Is die Evangelie van Jesus vir ‘n spesiale klein groepie – die ware Israel, of moet hulle anders daaroor dink? Dit is interessant dat beide dit nodig vind om iets vooraan die Evanglie van Markus by te voeg. Van hoofstuk 13 af volg Matteus grootliks die Markusteks, en van die 8ste hoofstuk af volg Lukas ook vir Markus. Maar hulle sit die geboorteverhale vooraan. As dit nie vir hulle was nie het ons nie ‘n Kersevangelie gehad nie. As deel van die geboorteverhale gee beide ook ‘n geslagsregister.

Matteus anker syne baie duidelik binne die Joodse tradisie met ‘n geslagsregister wat by Abraham begin.

Lukas begin syne nie by Abraham nie, maar by Adam.

Matteus beklemtoon Jesus se Joodsheid terwyl Lukas sy mensheid beklemtoon. Matteus sê dat net soos die Jode uit die Egiptiese slawerny verlos is, so is die kindjie Jesus ook uit Egipte teruggebring om in Galilea en Nasaret sy taak te vervul. Lukas sê Jesus is ‘n kind van Adam en plaas sy geboorte onmiddellik binne die groter konteks van keiser Augustus. Dit is ook Lukas wat die verhaal van die 10 melaatses wat genees is vertel en dan meld van slegs een wat dankbaar teruggekom het. En hy was ‘n Samaritaan. Dit is ook Lukas wat die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan vertel. Matteus gee die Joodse aksent en Lukas die universele aksent.

Ek glo dat dit vir my as ouer dominee, net soos vir die jong dominee Visser wat vanoggend bevestig word, baie sal baat om weer mooi te luister na die basiese boodskap van die eerste drie predikers van die NT:

Markus wys vir ons dat die krisis juis die saad word waaruit die nuwe gebore word. Uit die donkerte van die kruis kom die nuwe lewe. Die uitkoms is daar waar jy dit die minste verwag. God se oorwinning is van ‘n vreemde aard, dis ingebed in die kruis, in die lyding, in die vernedering. Dis is asof Markus vir ons wil herinner om nie te val vir ‘n goedkoop suksesteologie nie. Ons moet die gemeente gedurig daaraan herinner dat God hulle nie op die gladde suksespad ontmoet nie, maar daar waar Hy skynbaar afwesig is, daar waar jy moet roep: My God, my God, waarom het u my verlaat”. Die kerk het behoefte aan dominees wat nie net vir mense in krisistye vertel dit sal weer beter gaan nie, maar hulle help om daar waar alles donker is, God se teenwoordigheid te ontdek.

Matteus leer ons dat die antwoord in die bekende boodskap te vind is. Nie op ‘n ander plek nie. Die verhaal van God met Abraham, Isak en Jakob, voorsien die antwoord op al die vrae. Ons hoef nie op vreemde plekke te gaan soek nie. Al het ons kritiek op die kerk en vrae onsself ook baie vrae, kan ons mekaar en die gemeente weer en weer herinner dat die antwoorde in ‘n herontdekking van wat ons ontvang het, lê. Ons hoef nie verward na vreemde leringe en idees te begin gryp nie.

Lukas se boodskap is dat hierdie nuwe begin nooit kan plaasvind as daar net na binne gekyk word en bekrompe vasgehou word aan die bestaande nie. Die vreemdeling moet nie net ontvang word nie, maar gesien word as die gestuurde van God wat ook die sleutel tot die oplossing en vernuwing dra. Julle sal onthou dat dit juis Lukas is wat die Emmaus-verhaal vertel waar die Here Jesus as ‘n doodgewone vreemdeling kom saamloop en eers as hulle hom innooi en toelaat om gasheer binne-in hulle eie huis te speel, kom die ontknoping. Dit is ook Lukas wat vir ons leer dat die ware barmhartige ‘n Samaritaan was. Die gemeente moet ook geleer word deur die teoloë dat God nie ons eiendom is nie en God vir die wêreld is. George Weideman,

Lied 284

Seën